education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

AFRIKAANS HUISTAAL VS1

NOVEMBER 2006

PUNTE: 70
TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, B en C.

   AFDELING A: Leesbegrip

   AFDELING B: Opsomming

   AFDELING C: Taal

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Nommer in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.

6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

7. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees onderstaande tekste deeglik deur en beantwoord dan die vrae:

TEKS A

Dans - toe en nou!

1. Tekeninge en reliëfbeelde op mure toon dat daar in Ou Egipte twee hoofsoorte danse was: godsdienstig en akrobaties. Priesters het hulle godsdienstige danse, waarin ingewikkelde bewegings die verhale van die gode vertel het, uitgevoer.

2. Singende danseresse was gedurig by die Egiptiese tempels om eer aan die gode te betoon. Egiptenare van die laer klasse en slawe het weer akrobatiese danse, wat dikwels met goëltoertjies en swaardslukkery gekombineer is, gedoen.

3. In ou Griekeland was dans 'n vereiste deel van die opvoeding. Seuns het deur dans gevegstegnieke leer bemeester. Meisies het op hulle beurt die grasie van sosiale danse geleer. Griekse vroue het die skoonheid van vryvloeiende, ritmiese bewegings ontwikkel. Dit het die grondslag van moderne danse en teater gelê.

4. In Rome is grootliks gekonsentreer op vermaak deur beroepsdansers wat veral pantomimes gebruik het, dit wil sê, voorstellings van handelinge deur gebare, sonder woorde, onder begeleiding van musiek en dans.

5. Só het die dans dan ontwikkel. Uiteindelik is dit verskraal tot 'n ondergeskikte rol in die moderne samelewing, terwyl dit by die natuurgebonde mens 'n betreklik sentrale plek ingeneem het.

6. As jy vandag lekker sakkie-sakkie of kwaito, beoefen jy eintlik een van die oer-kunste!

[Verwerk uit: *www.annaswebart.com/culture/dancehistory/history*]

1.1 Watter TWEE danstipes was daar in Ou Egipte? (2)

1.2 Waarvoor is godsdiensttige danse gebruik? (2)

1.3 In watter soort danse word goëltoertjies en swaardslukkery met mekaar verbind? (1)

1.4 Waarom was dans in Griekeland 'n vereiste deel van opvoeding? (2)

1.5 Waarvoor het dans in Griekeland die grondslag gelê? (2)

1.6 Wat verstaan jy onder die term *pantomimes* (paragraaf 4)? (1)

1.7 Tot watter gevolgtrekking kom die skrywer in paragraaf 5? (1)

TEKS B

Niks minder (of meer) as pure pret nie

1. Die musiekblyspel *UMoja - The Spirit of Togetherness*, is pure pret. Dit wil sê, dis pret, en niks meer nie - moenie dié musiekblyspel gaan kyk as jy nie iets vernuwends of uniek soek nie.

2. Maar, soos 'n kultuurkenner op 'n keer gesê het: Musiek (en dit geld vir enige kunsvorm) hoef nie altyd óór iets te gaan nie; dit kan soms maar net geniet word. Gaan kyk *UMoja* as jy iets wil ervaar in die kategorie van 'n *Chicago* of 'n *We Will Rock You* - met dié (belangrike) verskil dat dit inheems is, wat oor-sprong sowel as inhoud betref.

3. *UMoja* vertel die verhaal van Suid-Afrikaanse musiek. Ten minste, dit is waarop dit aanspraak maak. In werklikheid gaan dit net oor die musiek van swart Suid-Afrikaners, van tradisioneel tot eietyds. (Iets soos ghoema, boeremusiek of Indiese musiek kom nie ter sprake nie.)

4. Dit is ook opvallend dat, wat die tradisionele betref, musiek en dans met 'n Zoeloe-oorsprong meer uitvoerig en geslaag as dié van ander kultuurgroepe uitgevoer word. Die Xhosa-drag (net soos die Ndebeles s'n), is mooi - alle eer aan die kostuumontwerper, Thembi Nyandeni.

5. Selfs wat die Zoeloe-sang en -dans betref, sou 'n kultuurkenner dalk kriewelrig kan raak oor sekere wanvoorstellings - soos meisies (en selfs vroue!) wat met jong mans in danskompetisies meeding. Die uitdagende bewegings pas meer in 'n moderne as in 'n tradisionele konteks.

6. 'n Hoogtepunt, wat die sang betref, is beslis die gedeelte oor gospel en koormusiek. Die moderne orkes kwyt hom goed van sy taak, maar aan die instrumentale front is dit veral die trom- en marimbaspelers, wat beïndruk. Die groot span dansers en sangers is deur die bank uitstekend en slaan keer op keer 'n mens se asem weg.

7. Joseph Motsamai is 'n goeie verteller. Die verhaal is egter te soetsappig en die Sophiatownse bendekultuur, prostitusie en derglike verskynsels word te romanties voorgestel. Daar is ook talle afgesaagde uitdrukkings, soos dat Afrika en sy musiek 'tydloos' is en dat Afrikane nie sonder musiek kan leef nie.

8. *UMoja* is al 'n paar jaar aan die gang en het oorsee ook suksesvolle speelvakke gehad. Laasgenoemde verklaar dalk hoekom dit, ten spyte van die veelrassige gehoor in die Kunstekaap-operahuis, meer op 'n wit, buitelandse gehoor gerig is. Dit is eintlik 'n 'inleiding tot die musiek en kulture van Afrika'. Dit is waarskynlik waarom Engels gebruik word om die storie te vertel. *UMoja* bly, na alles gesê is,

heerlike vermaak. Oftewel, pure pret.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 9 Februarie 2006]

1.8 Aan watter TWEE verwagtinge voldoen die musiekblyspel *UMoja* volgens paragraaf 1 nie? (2)

1.9 Watter ooreenkoms is daar volgens paragraaf 2 tussen *UMoja* en die musiek-blyspele *Chicago* en *We Will Rock You*? (1)

1.10 Wat word met *inheems* in paragraaf 2 bedoel? (1)

1.11 Watter bewys gee die resensent/skrywer in paragraaf 3 vir die stelling dat *UMoja* eintlik net oor swart Suid-Afrikaanse musiek handel? (1)

1.12 Wat beteken *kultuurkenner* in paragraaf 2? (1)

1.13 Watter verkeerde uitbeelding van die Zoeloe-kultuur bevat die musiekblyspel volgens die skrywer? (1)

1.14 Haal 'n uitdrukking uit die leesstuk aan wat 'laat jou verstom staan' beteken. (1)

1.15 Watter TWEE soorte danse word in paragraaf 5 met mekaar vergelyk? (2)

1.16 Wat het die dansers en sangers volgens paragraaf 6 met mekaar in gemeen? (1)

1.17 Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan wat bewys dat die skrywer van die verteller hou. (1)

1.18 Waarom, volgens die skrywer, word die storie *UMoja* slegs in Engels vertel? (1)



TEKS C

Hoor die ritme van die mens, in harmonie met die natuur.

Uitvoerings van die Johannesburgse Filharmoniese Orkes in die Laeveld Nasionale Botaniese Tuin, Barok in die bos by Shingwedzi in die Kruger Nasionale Wildtuin, Sondag-piekniekkonserte by Walter Sisulu Botaniese Tuin, die Black Tie Ensemble wat *Lucia di Lammermoor* by die Suid-Afrikaanse Staatsteater in Pretoria opvoer ... Musiek op die berg by Mont-aux-Sources in KwaZulu-Natal, word moontlik gemaak deur 'n borg en 'n gemeenskaplike vennoot - Sappi, die wêreld se toonaangewende vervaardiger van papier.

Ons ondersteun Suid-Afrikaanse kunstenaars omdat ons in hul talent glo en weet dat hulle musiek harmonie in die land bevorder en die mens se siel aanraak.

sappi

[Verwerk uit: *innibos feesprogram*, 2006]

1.19 Watter soort geleenthede word hier geadverteer? (1)

1.20 Wie is die borg van hierdie geleenthede? (1)

1.21 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

1.22 Wat word in die foto op die agtergrond geplaas? (1)

1.23 Noem TWEE soorte harmonieë waarna in die advertensie verwys word. (2)
[30]

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

VOORSKRIFTE:

- Lees die volgende teks aandagtig deur en som SEWE kenmerke van verslawing op.
- Skryf die hoofgedagtes puntgewys onder mekaar of in EEN paragraaf neer.
- Gebruik slegs volsinne.
- Skryf aan die einde van die vraag die getal woorde wat jy gebruik het, neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde gebruik het.

DEFINISIE VAN VERSLAWING

1. Verslawing word beskryf as 'n skadelike verhouding met enige ding, middel of aktiwiteit wat die gemoed verander en negatiewe gevolge inhou. Dit is 'n komplekse probleem wat nie net die fisieke en geestelike gesondheid van individue beïnvloed nie, maar ook hul gesinne en sosiale omgewing.

2. Afhanklikheid kom op verskillende maniere voor en verskil in grade en intensiteit.

3. Sommige mense kan middels gereeld en oor lang tye gebruik en min of geen probleme ondervind, terwyl ander klaarblyklik nie kan beheer hoeveel en hoe gereeld hulle dit gebruik nie en vinnig daarvan afhanklik raak.

4. Dit is egter belangrik om te onthou dat niemand middels begin gebruik met die doel om afhanklik te raak nie!

5. 'n Belangrike simptoom van afhanklikheid is ontkenning. Die gebruiker sal jou oortuig dat hy/sy nie 'n probleem het nie, dit onder beheer het en enige tyd kan stop.

6. Dit rek die pyn en stryd net uit omdat die gesin die verslaafde telkens 'nog 'n kans' gee. Die beste ding om te doen, is om so gou moontlik hulp te kry omdat dwelms gewoonlik tot een van drie dinge lei: tronk, die trauma om in 'n inrigting opgeneem te word of uiteindelik die dood.

7. Om niks te doen nie en te glo dat die verslaafde die probleem self sal oplos, het vernietigende gevolge - die middel neem die slagoffer se hele lewe oor. Sy/Haar skoolwerk of werk gaan agteruit, hy/sy begin steel om geld vir dwelms te kry, sy/haar sosiale lewe wentel om kroeë en die gesinslewe ly daaronder. Sodra hy/sy beheer verloor het, sal hy/sy dit bly gebruik ten spyte van die gevolge, daarom is dit noodsaaklik om so gou moontlik iets aan die probleem te doen.

8. Verslawing kan nie genees word nie, maar daar is hoop vir herstel as die verslaafde leer om die toestand te beheer.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 16 Junie 2006] **[10]**

AFDELING C : TAAL

VRAAG 3

Lees onderstaande tekste en beantwoord dan die vrae:

Die GOED en KWAAD van die HAMBURGER

1. Die fliek *Supersize Me* het byna die hamburger gekelder - amper soos 'n politikus ná 'n openbare skandaal.

2. Die regisseur Morgan Spurlock het dertig dae lank nét van McDonald's se spyskaart af geëet en in die proses allerhande onnoembare skete en kwale opgedoen.

3. Bygesê: hy het nie net geëet nie - hy het in sò 'n oormaat ingestop dat géén liggaam dit kon hou nie. Dit het verdoemend gelyk en 'n ruk lank het talle mense hamburgers afgesweer.

4. McDonald's het inderhaas 'gesonde alternatiewe' soos jogurt en water op sy spyskaart bygevoeg om die skade te beperk.

5. Dit is natuurlik nie die enigste aanslag wat die huis van die hamburger die laaste jare moes weerstaan nie. Vir baie is McDonald's 'n simbool van die Amerikaanse kultuur en toe die weerstand teen pres. George W. Bush begin opwel het het takke in baie wêrelddele dit ontgeld.

6. McDonald's is ook 'n simbool van Amerikaanse (en Westerse) moderniteit. Mense het straatblokke ver tougestaan toe die eerste McDonald's in Moskou en later in Beijing geopen het. Dit was 'n teken van vryheid van keuse - die gemaklike en lekker lewe.

7. Toe die groep ná die boikotjare van apartheid na Suid-Afrika gekom het, het McDonald's ook hier baie sukses behaal!

8. Dit bevestig 'n besoek aan 'n Johannesburgse tak van McDonald's. Die mense wat die venstertjies beman, vertel van gereelde daaglikse klante: 'Ja, ons het gereelde klante. Maklik honderd wat elke liewe dag kom. Party kom twee keer per dag,' verklap een werker.

9. 'n Ander sê as sy party klante sien aankom, kan sy maar 'oplui'. Sy ken al hulle bestellings. Dis veral mense van in die dertig en veertig wat gereelde besoekers is en wat van 'n hamburger en skyfies 'n maaltyd maak, sê sy. Mans én vroue.

10. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het vetsug wêreldwyd tot 'n epidemie verklaar. Konvensionele wysheid wil hê dat kitskos - insluitend die hamburger - 'n groot bydrae tot die oorgewigsprobleem gelewer het.

11. Maar dieetkundiges sê 'n mens moet meer gebalanseerd na die hamburger kyk. Moet hom nie sonder meer kwalik neem nie, want die blote feit dat kos kits-kos is, sê hulle, beteken nie dat dit sleg is vir jou nie. En as jy móét kies, is 'n hamburger dikwels 'n kleiner dieetsonde as hoender wat in dieptvet gebraai is.

[Verwerk uit: *Rapport*, 11 Junie 2006]

3.1 Waarom word daar van verskillende lettergroottes in die titel gebruik gemaak? (1)

3.2 *politikus* (paragraaf 1) het twee erkende meervoudsvorme. Skryf hierdie TWEE meervoudsvorme neer. (2)

3.3 Wat beteken die woord 'gekelder' in paragraaf 1? (1)

3.4 Indien Morgan Spurlock 'n vrou was, sou daar nie van 'n 'regisseur' (paragraaf 2) sprake gewees het nie, maar van 'n ... .

Voltooi hierdie sin deur die vroulike vorm van 'regisseur' neer te skryf. (1)

3.5 In paragraaf 3 word die aksent verkeerd aangedui. Stel die fout reg deur die woord met die korrekte aksentteken neer te skryf. (1)

3.6 Die woord 'inderhaas' (paragraaf 4) kan met 'n uitdrukking vervang word wat dieselfde betekenis het. Voltooi hierdie uitdrukking: in ... yl. (1)

3.7 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

'McDonald's (simbool) die Amerikaanse kultuur.' (1)

3.8 In paragraaf 5 ontbreek 'n leesteken. Verbeter die gedeelte waar die leesteken kort deur die woord voor en na die leesteken oor te skryf. (1)

3.9 Vervang die woord 'weerstand' (paragraaf 5) met 'n woord met min of meer dieselfde betekenis. (1)

3.10 Van watter woord is 'pres.' (paragraaf 5) die afkorting? (1)

3.11 Herskryf die volgende sin en vervang die hakies met ander gepaste leestekens:

'McDonald's is ook 'n simbool van Amerikaanse (en Westerse) moderniteit.' (paragraaf 6) (1)

3.12 Van watter woord (stam) is 'moderniteit' (paragraaf 6) afgelei? (1)

3.13 Indien 'gereelde' (paragraaf 8) as 'gereëlde' geskryf word, het die woord 'n ander betekenis. Maak 'n sin met die woord 'gereëlde' sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. (1)

3.14 Skryf die woorde van die werker, 'Ja, ons het baie gereelde klante' (paragraaf 8) oor soos wat jy dit aan iemand anders sou oordra.

Begin die antwoord met: Die werker bevestig ... (1)

3.15 Waarom word 'oplui' (paragraaf 9) in aanhalingstekens geplaas? (1)

3.16 'Die Wêreldgesondheidsorganisasie het vetsug wêreldwyd tot 'n epidemie verklaar.' (paragraaf 10).

Herskryf hierdie sin en begin die antwoord met: Vetsug ... (1)

3.17 'Dieëtkundiges' (paragraaf 11) moet (dieët) vir verskillende mense uitwerk. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.18 Die sin 'Moet hom nie sonder meer kwalik neem nie' (paragraaf 11), impliseer dat 'n hamburger nie net sleg is nie. Dit laat 'n mens aan 'n bekende spreekwoord met die betekenis van 'moenie 'n persoon na die uiterlike beoordeel nie', dink.

Skryf dié spreekwoord waarin die woord 'baadjie' die kern vorm, neer. (1)

3.19 Aan watter taal is die woord 'hamburger' ontleen? (1)



3.20 Kyk na voorstelling/prent op die vorgie bladsy. Die woorde 'Is dít nou BOOS'? verskyn op die vlaggie. Waarna verwys die woord 'dít'? (1)

3.21 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

'n Hamburger is dalk boos, maar sommige produkte is nog (boos), terwyl ander die (boos) is. (2)

Afrikaans Kook!

1. Koos Kombuis doen dit. Valiant doen dit. Polisiemotors
2. en ddisselblomme doen dit. Dit is soms klassiek en
3. dramaties en soms kan dit gatskop. Dit vat vlam op die
4. verhoog en dit skop in liriek. Ons skilder, ons skryf,
5. ons sing en ons speel Afrikaans. Afrikaans is vir almal -
6. Dis die kuns van ons taal.
7. Kom kuier by die ATKV-stalletjie en die ATKV-verhoog by die KKNK.
8. Daar is baie meer in Afrikaans en die ATKV as wat jy dink!

9. **Ons speel in Afrikaans!**

ATKV

3.22 Voeg die volgende twee sinne saam deur die woorde 'sowel as' te gebruik.

Koos Kombuis doen dit. Valiant doen dit. (1)

3.23 Brei 'Koos Kombuis doen dit' (reël 1) uit met 'n bywoordelike bepaling. (1)

3.24 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

In reël 4 tot 5 word daar na 'n skilderende, (skryf), singende en spelende groep mense verwys. (1)

3.25 Watter stereotipering ten opsigte van Afrikaans en die ATKV is in reël 8 - 9 opgesluit? (1)

3.26 Herskryf reël 9 in die gebiedende wyse. (1)

3.27 Waarvoor staan die afkorting *ATKV*? (1)

3.28 Watter verklaring vir 'kook' in die onderstaande woordeboeklys pas by die betekenis van 'kook' in die titel/opskrif 'Afrikaans kook!'?

> **kook.** ww. (gekook) **1** Tot die kookpunt verhit, verhit wees **2** Deur verhitting gaar, bruikbaar maak, word **3** Kos berei **4** Soos 'n kokende vloeistof borrel, rondmaal **5** (*fig*.) In heftige gemoedsbeweging wees
>
> [Uit: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*]

(1)
[30]

TOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou